

Sondag 15 Junie

**Skrifgedeelte Psalm 90 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Psalm 90:12, 14, 17 (AFR2020)**

**Uitgelewer aan tyd en tog oorgelewer aan ons ewige God!**

Ons voel onself dikwels uitgelewer aan die tyd wat meedoënloos aftik na ons einde toe. Dis nou eenmaal hoe ons lewe op aarde is – verganklik, kortstondig, nietig, broos vanweë die sondigheid wat aan ons kleef. Die mens word weer stof as God praat – bloot 'n asemteug (vs 3), sy lewe soos 'n enkele wagbeurt in die nag, voordat jy jou oë uitvee ... is dit verby (vs 4), soos afgesnyde gras wat in die môre nog groen, wuiwend in die wind op die veld gestaan het ... en teen dieselfde aand is dit verlep en verdroog (vs 5). En ons kan niks daaraan doen nie!

Of kan ons? Die Psalmdigter bid: *Leer ons ons dae só gebruik dat ons wysheid bekom* (vs 12). Wysheid het niks te make met slimigheid of boekgeleerdheid nie; wel alles met die besef dat ons hele lewe – en ons oorlewing – by God alleen lê.

En dit laat 'n soekende mens twee dinge doen: Eerstens laat dit ons bely dat die Here alleen 'n toevlug vir die verganklike mens is! Luister hoe sê die Psalmdigter: *Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag* (vs 1). In die naam “Here” hoor ons God as die Heerser van die hele wêreld, die Een wat mag het oor lewe en dood. Hy is die enigste toevlug ... 'n skuilplek vir die sterflike mens! My Here!

Hy is 'n God wat die nood van ons sterflikheid verstaan. Daarom het Hy sy Seun na ons “woestyn-wêreld” toe gestuur ... en Hom, ter wille van ons, aan die menslike verganklikheid prysgegee. Hy moes sterf in ons plek ... onder die toorn (oordeel) van God! Maar Hy het ook opgestaan uit die graf, en daardeur die dood oorwin en ons van die verganklikheid bevry! Deur Hom alleen kry verganklike mense weer die lewe met God en by God terug – vir ewig!

Tweedens laat wysheid ons bid: *Here, laat die dag so vir ons begin dat die res van die dag vol kan word met u troue liefde, u goedheid* (vs 14). Wysheid is om óorgelewer aan God se ewige verbondsliefde te leef te midde van die verganklikheid en sinloosheid wat die lewe bring. Om elke dag te herken as 'n geleentheid om genade by Hom te vind, en dankbaar en bewus te leef, sonder om heeldyd te smag en tob oor meer as wat ons gegun word.

*Sing: Psalm 90-1:7, 9  
Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*